Rietvallei

Kampnuus

# Buffelspoort


**18 tot 25 Januarie 2026**




*Opelug swembaddens by Buffelspoort*



*Onderdak swembad met baie moenies*



*Opelug swembad met braaifasiliteite*



*Tuin atmosfeer by ATKV Buffelspoort*

## Streeksaamtrek by Buffelspoort: 18 tot 25 Januarie 2026

Die Buffelspoort week-kamp was 'n eerste vir Rietvallei. Alhoewel sommiges 'n bietjie skepties was, was almal dit eens dat dit 'n reuse sukses was. Dit het egter so vinnig verby gegaan en almal het gewens dit kon nog so 'n bietjie langer aanhou.

Die kamp het Sondag begin en almal het so deur die loop van die oggend ge-arriveer, buiten Bertus- en Tinus-hulle wat so 2, 3 dae voor die res reeds kamp opgeslaan het.
Die aand is Boekevat deur Hennie en Anne-Marie gelei op die oop staanplek wat Dalena vir ons by bestuur beding het; dit sou dan ook ons algemene kuier-plek vir die week wees.
Die boodskap het gekom uit Spreuke 3: "Vertrou volkome op die Here, ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop."
Worsbroodjies is daarna verkoop, gevolg deur 'n lekker kuier om die kampvuur; tot laat-aand toe.

Maandag-oggend het 'n groepie gaan stap terwyl die res gaan swem en net rustig verkeer het. Tersia het verjaar en almal het die middag heerlik gesmul aan die watertand eetgoed wat voorgesit is.
Die aand het almal weer spontaan saamgebraai en gekuier.

Dinsdag-oggend het rustig verloop met elkeen wat sy eie ding gedoen het. Die middag is die braaivleis-vure een vir een aangesteek vir 'n buurman-braai. Die wolke het begin saampak en voor die vure reg was, het 'n hewige stortreën uitgebreek. Al genade was maar om sambrele op te slaan en om die vure te probeer red van wat daar nog te redde was. So 2 uur later kon die meeste darem eet. Tussendeur moes 'n paar ook nog hul „huise" probeer red, anders het alles weggespoel.

Woensdag was weer 'n lekker self-doen-dag tot Boekevat die aand. Bertus se boodskap het uit 1 Johannes 2 gekom: "Moet nie die wêreld en die wêreld se dinge liefhê nie; dit gaan verby. Maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe."
Daarna het ons weer heerlik saamgebraai en gekuier.

Donderdag was sommer net 'n lui-lekker dag van kuier, boeklees en swem.

Vrydag-oggend was gesamentlike ontbyt en die heerlikste ontbyte was gemaak.
Die aand het Tinus die Boekevat waargeneem en ons het lekker saam met die ghitaar gesing. Sy boodskap was baie duidelik – "Bring die hoop weer terug".
Elkeen het sy eie ete voorberei en sommer net rustig verkeer.

Saterdagmiddag was daar nie 'n tekort aan motorwerktuigkundiges, toe Bertus krag op sy Camper moes uitsorteer nie. Elkeen het probeer handjie bysit of om raad te gee.

Om 16:00 is speletjies gespeel en al die deelnemers het dit terdeë geniet. Daar was sakkie gegooi en balle gegooi. Helena en Anne-Marie het die pluimbal uitprobeer, maar moes maar later tou opgee na 'n gehardloop en gespring agter die pluimpie aan. Oefening was dit beslis!
Daar was weer saam gebraai of met jou buurman gekuier. Dit was ons laaste braai vir die week en die gekuiery is vir oulaas tot laat toe uitgerek.

Sondag het almal vroeg begin afbreek en oppak om betyds 12:00 uit te wees.
Die diens was 'n opgeneemde preek gelei deur Ds Adriaan Swart. Sy boodskap het gekom uit 1 Petrus 8 & 9 - "Die seën van die Here". Daarna het Tjaart vir ons die afsluiting waargeneem en ongelukkig moes ons "koek en tee kuier", hierdie keer in die slag bly!
Direk na die diens het een vir een vertrek .
Die kamp was bygewoon deur 7 Rietvalleiers, 3 van ander streke en 4 gaste.
Dit was 'n wonderlike week met goeie weer en goeie samesyn. Ons sien uit daarna om dit weer te doen.

*Anne-Marie Engelbrecht*

## TERSIA HET MAANDAG VERJAAR



*Tersia se verjaardag word smaaklik gevier.*



*Annatjie Maritz, Henry Hill en Elmarie le Roux*



*Pieter le Roux en Tinus Fourie*



*Gesellige saamkuier van Hennie en Anne-Marie tot Erika en Dif De Villiers (naaste aan die kamera)*



*Laatmiddag saamkuier*
*Betsie Theron, Pietie du Plessis,*
*Annelie Kruger, Tersia Fourie,*
*Dalena Marx en Anne-Marie Engelbrecht*



*Buurmanbraai*
*Daan van der Berg, Kallie Kruger,*
*Hennie Engelbrecht, Gideon van Zijl,*
*Leon du Plessis, Wynand Theron en*
*Pieter le Roux*

## **DINSDAGMIDDAG WIL DIE MANNE BRAAI**



*Dinsdagmiddag val 'n regte Transvaalse stortbui*



*Die vuur mag nie dood reën nie.*

*Hierdie staan ook bekend as 'n "beskermde werkplek"*



*"Dis reën dis wind dis water, die son skyn eers weer later!"*







*Nou gaan ons braai.*
*Kom wat wil…*

# Woensdag Vroegaand saambraai



*Dalena, Bertus en Gideon voor boekevat*



*Wyshede om 'n braaivleisvuur…*
*Leon du Plessis en Wim Louw*





*Advertensie*




*Saamkuier om saam te braai…*
*Anne-Marie en Hennie Engelbrecht,*
*Bertus Marx en Tinus Fourie*




Skakel **Dalena Marx**
vir
**Bioway goggagif**
**en**
**30 mikron swartsakke**
by
**082-415-0976**

**Bioway:** 1l, 2l en 5l
**Swartsakke:** 50 of 100 sakke
**Skoonmaakmiddels:** 2l, 5l en 25l

*Advertensie*

## GESAMENTLIK ONTBYT, VRYDAG 23 JANUARIE 2026



*Hennie bak 'n perfekte omelet*



*Byna reg!*
*Tersia Fourie en Bertus Marx*



*Só "doen" mens die kamp-ontbyt-ding…*
*Pieter le Roux, Daan van der Berg, Sieg en Annatjie Maritz, Marietjie Klaasen, Betsie Theron en Henry Hill*

## Boekevat Vrydagaand



*Tinus Fourie lei boekevat*



*Die toehoorders is die Rietvalleiers en gaste*

## Saterdag-ontspanning – ook Noodhulp vir Ryhuise



*Tersia, Daan en Leon*
*speel iets soos pétanque*



*Noodspan in aksie om die elektriese stelsel*
*van Bertus se ryhuis weer op standaard te kry.*
*Want "môre gaan ons weg, ver van hier weg"*

## Boekevat en afsluiting Sondag



*Daar's hy! Die stelsel is nou reg!*



*Tjaart som op*




*Dankie aan Bertus en Dalena Marx vir die oordbespreking en skakeling met die oord; vir Anne-Marie en Hennie Engelbrecht die kampkoördineerders vir hierdie saamtrek.*




*Rietvalleiers by Buffelspoort wie in Januarie verjaar het:*
*Tersia Fourie, Elmarie le Roux en Sieg Maritz*




*Gaste uit ander streke:*
*Betsie en Wynand Louw, Martie en Jannie Viljoen, Erika en Dif de Villiers*




*Rietvallei gaste:*
*Wim en Wanda Louw, Annelie en Kallie Kruger*

## Volgende saamtrek:

Kleine Bela, van 20 tot 22 Februarie.

**Kostes:**

| | |
|---|---|
| Naweek: | R700 + 50 = R750 |
| Weeknagte: | R350 per nag |
| Midweek (Sondag tot Vrydagoggend): | R950 |
| 7-Dae (Maandag tot Maandag): | R1500 + R50 = R1550 |

Besprekings sluit Sondag 8 Februarie.
Sien e-pos vir volledige besonderhede.

## Presidente 2026

View on Vaal by Vaalpark

| | |
|---|---|
| Seniorsaamtrek: | 31 Maart tot 2 April |
| Koste: | (R250 X 2) +R20 = R520 |
| Presidente saamtrek: | 2 tot 6 April |
| Koste: | R1400 + R20 = R1420 |

Sien e-pos vir vorms en volledige besonderhede.
Besprekings sluit 5 Maart.  Afbetaling moontlik, finale betalingsdatum 20 Maart.